



EENVOUDIG DIE BESTE MANIER OM TE ENT

Peulplantentstofvervaardigers sedert 1978



Wie is STIMUPLANT?

Die toenemende aanvraag na voedselgewasse in Suid-Afrika plaas druk op die produsent om meer en beter gehalte gewasse te lewer. STIMUPLANT is al vanaf 1978 bekend vir die lewering van hoë gehalte entstowwe. Daar word gespesialiseer in die produksie van omgewingsvriendelike landbougerigte mikroorganismes vir die versekering van hoë gehalte opbrengste. Hierdie mikroorganismes help die produsent om sy opbrengs te verhoog, asook om sy grondvrugbaarheid te behou en selfs te verbeter.

Enting van peulplante met rhizobium is een van die sukses stories van landbou. Dit is ook een van die mees kostedoeltreffend praktyke in landbou.

Wat is inenting en hoe werk dit?

Hierdie simbiotiese verhouding van inenting begin wanneer rhizobium die wortels infekteer van peulgewasse en nodules vorm. In die nodules (knoppies), skakel rhizobium atmosferiese stikstofgas (N_2) om in ammoniak (NH_3), wat grotendeels deur die peulplant gebruik kan word. In ruil, bied die peulgewas die rhizobium voedingstowwe, energie en 'n habitat om te kan voortbestaan. Die primere begunstigde van stikstofbinding is die peulplant.

Wanneer moet ek inokuleer?

Wanneer enige peulplante geplant word moet geënt word as gevolg van die potensiële stikstofbinding sowel as verhoging in opbrengs wat dit te weeg kan bring.

Belangrike punte om ingedagte te hou wanneer enting oorweeg word:

- Die betrokke peulgewas is nog nie vantevore in die spesifieke land geplant nie
- Om die natuurlike getalle van die rhizobium aan te vul wat reeds in die grond teenwoordig is.
- Die land is suur of baie alkalies wat die rhizobium getalle in die grond nadelig beïnvloed.
- Die land is blootgestel aan hoë temperature en droë somers wat die rhizobium getalle van die vorige seisoen sal laat afneem het.
- Die peulgewas is rhizobium spesifiek

Stimuplant produkte word versprei deur:

agchem 

Member of **Rolfes**
GROUP



Watter gewasse kan alles geïnkuleer word?

Gewas	Entstof Naam:	1 pakkie entstof (200 g of 250 g) per hoeveelheid saad?	Aktiewe Bestandeel
Akkerboon: <i>Cajanus cajan</i> (duifertjie), <i>Crotalaria</i> spp., <i>Cyamopsis tetragonolobus</i> (guar), <i>Indigofera</i> spp., <i>Lablab purpureus</i> (Dolichos), <i>Macroptilium atropurpureum</i> (siratro), <i>M. lathyroides</i> (fluweelboon), <i>Vigna radiata</i> (mungboon), <i>V. unguiculata</i> (akkerboon), <i>V. subterranea</i> (jugaboon of bambara)	Grondboon- en akkerboongroep-entstof Reg.no. L 5798 Wet 36 van 1947	50 kg	Lewende peulplantbakterieë vir akkerbone (<i>Bradyrhizobium</i> -sp. (Vigna)) 6.5X10 ⁸ lewende selle / g
Akkerboon: <i>Neonotonia wightii</i> , <i>Pueraria thunbergiana</i> (kudzu), <i>Stylosanthes</i> spp. behalwe <i>S. guianensis</i> cv. Oxley	Grondboon- en akkerboontstof Reg.no. L 5798 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir akkerbone (<i>Bradyrhizobium</i> -sp. (Vigna)) 6.5X10 ⁸ lewende selle / g
Lupiëne: <i>Lupinus albus</i> (witlupiëne), <i>L. angustifolius</i> (smalblaarlupiëne), <i>L. perennis</i> (meerjarige lupiëne), <i>L. luteus</i> (geellupiëne)	Lupiëne- en serradella-entstof Reg.no. L 1729 Wet 36 van 1947	50 kg	Lewende peulplantbakterieë vir lupiëne en serradella (<i>Bradyrhizobium</i> -sp. (<i>Lupinus</i>)) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Serradella: <i>Ornithopus sativus</i> (bloublom-serradella), <i>O. compressus</i> (geelblom-serradella)	Lupiëne- en serradella-entstof Reg.no. L 1729 Wet 36 van 1947	25 kg	Lewende peulplantbakterieë vir lupiëne en serradella (<i>Bradyrhizobium</i> -sp. (<i>Lupinus</i>)) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Klawerspesies: <i>Trifolium repens</i> (witklawer), <i>T. subterraneum</i> (ondergrondse klawer), <i>T. pratense</i> (rooiklawer)	Klawer-entstof Reg.no. L 1728 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir klawer (<i>Rhizobium leguminosarum</i> biovar <i>trifolii</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Klawerspesies: <i>Trifolium subterraneum</i> (woogenellupklawer), <i>T. fragiferum</i> (aarbeikklawer) en <i>T. vesiculosum</i> (pylblaarklawer). Nie geskik vir inheemse klawer	Woogenellupklawer-entstof Reg.no. L 1728 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir woogenellupklawer (<i>Rhizobium leguminosarum</i> biovar <i>trifolii</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
"Birdsfoot": <i>Lotus corniculatus</i>	<i>Lotus corniculatus</i> -entstof Reg.no. L 550 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir Birdsfoot trefoil (<i>Rhizobium loti</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
<i>Lotus pedunculatus</i> en <i>L. hispidus</i> (Boyd's-klawer)	<i>Lotus pedunculatus</i> en <i>L. hispidus</i> -entstof Reg.no. L 1728 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir Birdsfoot trefoil (<i>Rhizobium loti</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Grondboon: <i>Arachis hypogaea</i>	Grondboon- en akkerboongroep-entstof Reg.no. L 5798 Wet 36 van 1947	50 kg	Lewende peulplantbakterieë vir akkerbone (<i>Bradyrhizobium</i> -sp. (Vigna)) 6.5X10 ⁸ lewende selle / g
Medicago: <i>Medicago murex</i> (cv. 'Zodiac'), <i>M. polymorpha</i> (cvs. 'Circle Valley', 'Serena', 'Santiago'). Nie geskik vir eenjarige "medics" nie	<i>Polymorpha</i> -entstof Reg.no. L 1734 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir polymorpha (<i>Rhizobium meliloti</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Lespedeza: <i>Lespedeza cuneata</i> (L. sericea) en <i>L. striata</i>	<i>Lespedeza</i> -entstof Reg.no. L 4354 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir <i>Lespedeza</i> -spesies (<i>Bradyrhizobium</i> -sp. (<i>Lespedeza</i>)) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Lusern: <i>Medicago sativa</i> (lusern), eenjarige "medics" en stinkklawers. Nie geskik vir <i>Medicago rugosa</i> (cv. 'Paragosa')	Lusern-entstof Reg.no. L 5879 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir lusern en 'medics' (<i>Rhizobium meliloti</i>) Minimum 6.5X10 ⁸ lewende selle / g
Erte: <i>Pisum sativum</i> (tuinerte), velderte en ander <i>Pisum</i> spp.	Erte- en wieke-entstof Reg.no. L 1794 Wet 36 van 1947	25 kg	Lewende peulplantbakterieë vir erte en wieke (<i>Rhizobium leguminosarum</i> biovar <i>viciae</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Wieke: <i>Vicia villosa</i> (sandwieke), <i>Vicia sativa</i> en ander <i>Vicia</i> spp.	Erte en wieke Entstof Registrasie nr. L 1794 Wet 36 van 1947	25 kg	Lewende peulplantbakterieë vir erte en wieke (<i>Rhizobium leguminosarum</i> biovar <i>viciae</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Boerbone: <i>Vicia faba</i> (boerbone)	Erte- en wieke-entstof Reg.no. L 1794 Wet 36 van 1947	25 kg	Lewende peulplantbakterieë vir erte en wieke (<i>Rhizobium leguminosarum</i> biovar <i>viciae</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Droë- en groenboon: <i>Phaseolus vulgaris</i> en <i>P. coccineus</i> (nierbone)	Droëboon- en groenboon-entstof Reg.no. L 1795 Wet 36 van 1947	50 kg	Lewende peulplantbakterieë vir bone (<i>Rhizobium leguminosarum</i> biovar <i>phaseoli</i>) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Sojaboon: <i>Glycine max</i>	Sojaboon-entstof (Poeier) Reg.no. L 5799 Wet 36 van 1947	50 kg	Lewende peulplantbakterieë vir sojabone (<i>Bradyrhizobium japonicum</i>) RAS WB74 Minimum 6.5X10 ⁸ lewende selle / g
Sojaboon: <i>Glycine max</i>	Liquinod Max (Vloeibaar) Reg.no. L 9012 Wet 36 van 1947	100 ml/50 kg	Lewende peulplantbakterieë vir sojabone (<i>Bradyrhizobium japonicum</i>) RAS WB74 Minimum 2X10 ⁸ lewende selle / g
Desmodium: <i>Desmodium uncinatum</i> (silwerblaar), <i>D. intortum</i> (groenblaar)	<i>Desmodium</i> -entstof Reg.no. L 1482 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir desmodium (<i>Bradyrhizobium</i> sp (<i>Desmodium</i>)) Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g
Sainfoin: <i>Onobrychis viciifolia</i> (sainfoin)	Sainfoin-entstof Reg.no. L 1491 Wet 36 van 1947	12,5 kg	Lewende peulplantbakterieë vir sainfoin (<i>Bradyrhizobium</i> sp. (<i>Onobrychis</i>)) RAS XHH1 Minimum 5X10 ⁸ lewende selle / g

Stimuplant produkte word deur Agchem Africa Pty (Ltd) versprei. Kopiereg van dokumente is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.